# GESKIEDENIS VAN DIE HOOF VAN STAF OPERASIES

**Lt S.C. Le Grange***

**Chief of Staff Operations is the planning and co-ordinating body responsible for uniting the Defence Family, thereby ensuring continuous preparedness. The early history of Chief of Staff Operations and all the stages in its development into the present organisation, are depicted in this article.**

## Inleiding

Die daarstelling van 'n operasionele staffunksie binne die SAW bevel- en beheerstruktuur kan verantwoord word vanuit sy oorhoofse beplannings- en koördineringsfunksie in die algemene verdedigingsopset.[1]

## Voorgeskiedenis

Die aanvanklike verdedigingsorganisasie van die Unieverdedigingsmag soos vervat in Wet No 13 van 1912 het nie voorsiening gemaak vir 'n afsonderlike en spesifieke Operasionele Staffunksie nie.[2] Die operasionele funksie van die UVM was vervat in die pligte van die Hoof van die Generale Staf (HGS) wat verantwoordelik was vir die uitvoering van ministeriële militêre beleid en vir die organisasie, opleiding en algemene doeltreffendheid van die UVM.[3]

'n Ongekende gebrek aan stabiliteit en onrus tipeer die aanvangsjare van die UVM. Die suigeling Verdedigingsmag moes reeds in sy tweede bestaansjaar die militêre en finansiële implikasies van 'n industriële onrus die hoof bied. Die vernietigende Wêreldoorlog van 1914–1919 vereis verder oor die bydrae van die UVM in Suidwes, Duits-Oos-Afrika, Egipte, en Europa en laat die reeds wankelende suigeling wegsink in die wurggreep van die noodwendige finansiële insinking tydens die demobilisasie tydperk van 1919–1920.[4]

## Die Reorganisasie van die Operasionele Staffunksie tot na die Tweede Wêreldoorlog.

In 'n gestadigde reorganisasieproses begin die suiwer koördinasie-funksie van HGS eers in 1919 uitkristalliseer.[5] In September 1920 tree



*Lt-genl I.R. Gleeson, SSAS, SD, SM Hoof van Staf Operasies sedert 1 Maart 1981*

brig-genl J.J.J. Collyer, CB, KMG, DSO uit as Hoof van die Generale Staf en word deur brig-genl A.J.E. Brink, DSO opgevolg.[6] September 1922 lei 'n verdere reorganisasie van die bostruktuur van die UVM in met die samesnoering van die Sekretaris van Verdediging en die Hoof van die Generale Staf tot een enkele pos, naamlik die pos van die Hoof van die Generale Staf. Dit veronderstel dus 'n direkte beheerlyn tussen HGS en die Minister van Verdediging.[7]

Geen noemenswaardige reorganisasie kan in die tydperk van 1922–1933 geïsoleer word nie. In die jare 1931–1934 word die Verdedigingsorganisasie genoodsaak om 'n groot deel van sy werksaamhede te laat vaar ten einde die ny-

pende finansiële tekorte die hoof te bied. Op 1 Mei 1933 lê brig-genl A.J.E. Brink sy amp neer as HGS en word opgevolg deur kol Sir P. van Ryneveld, KBE, DSO, MC, op daardie stadium Direkteur van die Lugdiens.[9] In dieselfde jaar kry die afdeling van die Generale Staf 'n aparte afdelingshoof met die benaming van die Direkteur Militêre Operasies en Opleiding (DMOO).[10] Vir die eerste keer word die operasionele funksie as sodanig bewoord, maar dit het nog lank nie die totaliteit van die huidige Operasionele Staffunksie se organisatoriese opset omvat nie.

In die jaar 1937 ondergaan DMOO 'n naamsverandering en staan bekend as Direkteur Operasies en Inligting onder kol P. de Waal wat op 1 Oktober 1937 aangestel is as Direkteur van die afdeling. In April 1939 amalgameer die opleidingsfunksie van die UVM met die Generale Staf afdeling en word die benaming van die operasionele afdeling onder HGS weereens verander na Direkteur van Operasies en Opleiding.[11]

Die verval in 'n verwarrende opgaaf van naamsveranderinge van die Operasionele Afdeling (wat inderdaad 'n gereelde gebeurlikheid was!), is slegs ter illustrasie van die fluktuerende organisatoriese opset van dié staffunksie in die UVM. Dit skep byna die indruk van 'n lukraak organisatoriese werkswyse na 'n meer ideale funksionele dienstaatinstelling van die operasionele funksie.

Met die aanvang van die Tweede Wêreldoorlog in 1939 was die Operasionele funksie gesetel onder die afdeling van die Direkteur Generaal Operasies met kol P. de Waal as Direkteur.[12]

Weer eens word alle organisatoriese verwikkelinge van 'n Verdedigingstaffunksie gestol in 'n Wêreldoorlog.[13] Die oorhoofse verdedigingsbeplanning gedurende die Tweede Wêreldoorlog vind neerslag in 'n algemene operasionele beleid wat deur die HGS bepaal is.[14]

## Die reorganisasie na 1945

Tot op hierdie stadium was die UVM se reorganisasie sodanig om by die behoefte van die tyd aan te pas. Vanaf 1945 was daar 'n totale aftakeling van Suid-Afrika se verdedingsmag. Daar was 'n afname in doelgerigte beplanning en positiewe ontwikkeling – 'n situasie wat noulik anders kon verloop in 'n era wat gekenmerk is deur onrus, konflikte en 'n totale gebrek aan stabiliteit op militêre sowel as ekonomiese gebied.[15]

In Mei 1953 is die pos van Inspekteur-generaal geskep wat aan die HGS verantwoordelik was. (Die pos is op daardie tydstip deur genl-maj H.B. Klopper beklee.) Die posbekleër moes die doeltreffendheid en opleiding van die gewapende magte koördineer.

In die jaar 1956 is die pos van Hoof van die Generale Staf vervang met die pos van kommandant-generaal. Genl C.L. de Wet du Toit het afgetree as Hoof van die Generale Staf en is opgevolg deur genl H.B. Klopper in die pos van kommandant-generaal. In 1950 het die Direkteur Beplanning en Operasies die funksie van die Inspekteur-generaal oorgeneem en moes as oorhoofse koördineerder direk aan die KG verantwoording doen.[16]

## Die nuwe tendens na 1960

Die jaar 1960 het 'n tydperk van verandering vir Suid-Afrika se posisie in die internasionale politiek ingelei. Tot op daardie tydstip het 'n basiese wetenskaplike beplanning agterweë gebly wat ook verder gemanifesteer is in 'n onegalige, ondoelmatige aanwending van beskikbare fondse. Daar was behoefte aan 'n meer doeltreffende en afsonderlike staffunksie wat die primêre uitvoerende gevegs- en staffunksies van die Verdedigingsorganisasie behoorlik kon ondersteun en koördineer.[17]

In 1966 word 'n Hoof van Verdedigingstaf (HVS) geskep met lt-genl H.J. Martin as Hoof van die Verdedigingstaf.[18] Die operasionele funksie het onder 'n tak stafdienste in die samestelling van die Hoof Verdedigingstaf geval. Die afdeling Weermagsbeplanning onder die Tak Stafdienste van die HVS het die direkte operasionele staffunksie van koördinering en beplanning omvat. Die seksies Programmering, Telekommunikasies en Projekte het onder die Afdeling vir Weermagbeplanning geresorteer. Die afdeling se doel was om oorhoofse beplanning te behartig en koördinasie van weermagsaktiwiteite te verseker. Dit is met ander woorde dié aktiwiteit wat vorm en rigting gee aan die uitvoering van die lynfunksie en wat ten opsigte van 'n breër beleid, tempo en momentum aan die hele organisasie moes gee.[19]

## Die totstandkoming en huidige opset van die Stafafdeling Operasies

In 1974 is die Stafstruktuur van die Weermag

gereorganiseer op die grondslag van die gebruiklike staffunksies, waaronder Hoof van Staf Operasies sy beslag gekry het as 'n afsonderlike Staffunksie.

In 1979 is die funksionele organisasie en diensstaatindeling van die Stafafdeling Operasies volledig ondersoek en omskryf. 'Die Stafafdeling Operasies is binne die SAW Bevel- en Beheerstruktuur daargestel om, namens HSAW in harmonie met vervulling van die SAW se operasionele take die oorhoofse toewysing en aanwending van die SAW se middele en bronne te beheer en te administreer en om, as eerste onder die eweknieë, stafaangeleenthede in VHK te koördineer ten einde HSAW in staat te stel om doeltreffende bevel oor die SAW as geheel te kan uitoefen.[19]

Die pos van Hoof van Staf Operasies is in 1976 deur genl-maj J.R. Dutton (later lt-genl) beklee. Hy is op 1 Maart 1981 deur lt-genl I.R. Gleeson opgevolg.

* Lt S.C. Le Grange, BA HODS is verbonde aan die Militêre Informasieburo van die SAW.

**Verwysings**

1. SAW verslag oor die voorgestelde funksionele, organisasie en diensstaatindeling van die Stafafdeling Operasies, p. 4 en 11.
2. SAW Argief, Pamflet Houer 99 (History of the Defence Force), p. 1.
3. SAW Argief, Pamflet Houer 140 (Memorandum Unieverdedigingsmag), p. 3.
4. Union of South Africa. Annual report on the Department of Defence for the year ended 30th June 1921, Department of Defence, Pretoria, 1921, p. 1.
5. SAW Argief, Pamflet (Organisasie-struktuur SAW: 1921, p. 1.
6. Union of South Africa. Annual report on the Department of Defence for the year ended 30th June 1921, Department of Defence, Pretoria, 1921, p. 14.
7. Unie van Suid-Afrika. Jaarverslag oor die Departement van Verdediging eindigende 30 Junie 1923, Departement van Verdediging, Pretoria, 1923, p. 1.
8. Unie van Suid-Afrika. Jaarverslag oor die Departement van Verdediging eindigende 30 Junie 1932, Departement van Verdediging, Pretoria, 1932, p. 1.
9. Unie van Suid-Afrika. Jaarverslag oor die Departement van Verdediging eindigende 30 Junie 1933, Departement van Verdediging, Pretoria, 1933, p. 1.
10. SAW Argief, Pamflet (Organisasie-struktuur SAW: 1912–1948)
11. SAW Argief, Argiefgroep CGS, Houer 48, Leer CGS51/5, Vol 1: Duties of General Staff and other Duties.
12. SAW Argief, Pamflet (Organisasie-struktuur SAW: 1912–1948)
13. SAW Argief, Pamflet, Houer 99 (History of the Defence Force).
14. SAW Argief, Pamflet (Organisasie-struktuur SAW: 1912–1948).
15. SAW Argief.
16. SAW Argief.
17. SAW Argief.
18. SAW Argief.
19. SAW Argief.

**Bronnelys**

VERSLAE

SAW Verslag oor die Voorgestelde Funksionele, organisasie en Diensstaatindeling van die Stafafdeling Operasies.
Staatsdienskommissie Verslag oor die Departement van Verdediging: 'n Funksionele en Diensstaat ondersoek na die Bo-struktuur van die Departement en die Tak Stafdienste van die Hoofkwartier. 15 September 1967.

AMPTELIKE PUBLIKASIES

Union of South Africa. Annual report on the Department of Defence for the year ended 30th June 1921.
Unie van Suid-Afrika. Jaarverslag oor die Departement van Verdediging eindigend 30 Junie 1923.
Unie van Suid-Afrika. Jaarverslag oor die Departement van Verdediging eindigend 30 Junie 1932.
Republiek van Suid-Afrika. Witskrif oor Verdediging en krygstuigproduksie, April 1969.

PAMFLETTE:

History of the Defence Force, Houer 99
Memorandum Unieverdedigingsmag
Organisasie-struktuur SAW: 1912–1948

SAW ARGIEF

Argiefgroep CGS, Lêer 51/5: Duties of General Staff and other Duties, Vol. 1